
AFRIKAANS

GRATIS




# ANTWOORDGIDS

## Patch van Smartietown

Onderrigmateriaal deur Anneke Butler en Corné Erasmus

HUISTAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 9

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# ANTWOORDGIDS

# Patch van Smartietown

Graad 9 Huistaal

Anneke Butler
Corné Erasmus

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk.

Vasco Boulevard, Goodwood, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika
Posbus 12119, N1-stad, 7463, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. is 'n filiaal van
Oxford University Press, Great Clarendonstraat, Oxford OX2 6DP.

Die Press, 'n departement van die Universiteit van Oxford, bevorder die Universiteit se doelwit van voortreflikheid in navorsing, vakkundigheid en onderrig deur wêreldwyd te publiseer in

Oxford New York

Auckland Dar es Salaam Hongkong Kaapstad Karatsji
Koeala Loempoer Madrid Melbourne Mexikostad Nairobi
Nieu-Delhi Shanghai Taipei Toronto

Met kantore in

Argentinië Brasilië Chili Frankryk Griekeland Guatemala Hongarye
Italië Japan Die Oekraïne Oostenryk Pole Portugal Singapoer Suid-Korea
Switserland Tsjeggiese Republiek Turkye Viëtnam

Oxford is 'n geregistreerde handelsmerk van Oxford University Press
in die Verenigde Koninkryk en sekere ander lande.

Gepubliseer in Suid-Afrika
deur Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., Kaapstad

**Patch van Smartietown Antwoordgids**
978 0 195 99710 1

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

Die morele regte van die skrywers word gehandhaaf.
Databasisregte Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. (skepper)

Eerste uitgawe 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder dat skriftelike verlof vooraf van Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. verkry is, gereproduseer of in 'n stelsel vir inligtingsbewaring geberg word of op enige wyse weergegee word nie, tensy soos uitdruklik deur die wet toegelaat, of kragtens ooreenkoms met die geskikte organisasie vir reprografikaregte. Rig enige navrae ten opsigte van reproduksie benewens bogenoemde aan
Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., by die adres bo.

Hierdie boek mag nie in enige ander gebonde vorm of met enige ander omslag gesirkuleer word nie, en dieselfde voorwaarde moet op enige aanskaffer geplaas word.

Uitgewer: Rudi MR Venter
Besturende redakteur: Zanri Kritzinger
Redakteur: Kobus Geldenhuys & Haidee Kruger
Omslagontwerper: Samantha Rowles & Judith Cross
Omslagillustreerder: Yvonne Robinson

Geset in 10.5 pt op 11 pt Times New Roman deur Zanri Kritzinger

# Inhoud

**Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite** (per hoofstuk)


Hoofstuk 1: Huismoles .......................................... 1

Hoofstuk 2: Wolf in skaapklere ............................. 4

Hoofstuk 3: Noue ontkoming ................................ 7

Hoofstuk 4: ’n Ellendige dag................................ 10

Hoofstuk 5: Naald in ’n hooimied ......................... 12

Hoofstuk 6: Die strik word gespan ........................ 15

Hoofstuk 7: ’n Slinkse set...................................... 17

Hoofstuk 8: Smartietown....................................... 20

Hoofstuk 9: Herontmoeting ................................... 22

Hoofstuk 10: ’n Gulde geleentheid........................ 24

Hoofstuk 11: Lugkastele........................................ 27

Hoofstuk 12: Ontnugtering.................................... 29

Hoofstuk 13: Op vlug ............................................ 30

Hoofstuk 14: Die wit koevert ................................ 32

Hoofstuk 15: Tussen twee vure .............................. 34

Hoofstuk 16: Vreemde Samaritaan......................... 37

Hoofstuk 17: Op bekende paaie ............................. 39

Hoofstuk 18: ’n Slegte voorgevoel......................... 40

Hoofstuk 19: Patch se besluit ................................ 42

Hoofstuk 20: Dobbelspel........................................ 43

Hoofstuk 21: OpgePatch......................................... 45

**Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae**

Voorgestelde antwoorde vir
Formele assessering 1 ............................................ 48

**Assesseringsriglyne vir langvrae**

Instruksies en wenke............................................... 50

Kontrolelys ............................................................ 50

Rubriek vir assessering van langvraag .................. 51

Voorgestelde antwoorde vir
Formele assessering 2 ............................................ 54

# Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite

Gebruik die voorgestelde antwoorde in hierdie afdeling as memorandum vir die aktiwiteite om leerders te assesseer. Die antwoorde is per hoofstuk en volgens die leesproses (pre-lees, tydens lees en post-lees) georganiseer. Die antwoorde dien as riglyn vir assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe en moedig leerders aan om self die teks te interpreteer en hul antwoorde uit die teks te motiveer.

## Hoofstuk 1: Huismoles

### Pre-lees:

- Lei leerders tydens die klasgesprek om hulle te oriënteer ten opsigte van die Suid-Kaap en die gewilde Tuinroete met behulp van die illustrasie op bladsy 67 van die novelle.
- Die illustrasie is van twee meisies wat baklei en ’n ouer vrou wat wys hulle moet skoert. Hier is beslis huismoles.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige

aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.


1 a Die verteller in hierdie verhaal is ’n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller.

b Tyd: Dit is vroeg Desember op ’n Maandagaand, omtrent drie weke voor Kersfees.
Plek: Die verhaal speel af in Rosemont-township.
Hoofstuk 1 begin in Lanternstraat 2.

c Die drie belangrike karakters wat in Hoofstuk 1 aan die leser bekendgestel word, is Ant Rosie, Donnalida en Patch.

d Die taalgebruik in die verhaal is Afrikaaps, of Kaapse Afrikaans, ’n streekstaal wat meestal gebruik word deur bruin mense van die Wes-Kaap. ’n Voorbeeld hiervan is: “Kom daatlik hier!”

e Inligting vir ’n stamboom wat al die verwantskappe tussen die verskillende karakters uitbeeld:




2 a “Huismoles” is wanneer daar probleme in die huis is.

b “Die duiwel is los” beteken hier kom groot moeilikheid.

3 Ant Rosie skop ’n bohaai op, want haar geld wat in die banksakkie agter die portret vasgeplak is, het verdwyn.

4 Verder het die polisie ook nog op Ant Rosie se sjebien toegeslaan.

5 ’n Voorbode is ’n voorgevoel dat iets gaan gebeur, gewoonlik iets sleg.

6 Die portret wat op Ant Rosie se kop geval het, is van die breë weg (die slegte dinge wat mense doen) en die smal weg (die goeie pad wat mense behoort te bewandel). Die simboliese betekenis hiervan is dat Ant Rosie moet besef sy lewe verkeerd. Dit kan ook op ’n vooruitwysende manier sinspeel op die lewenskeuses wat die ander karakters in die verhaal moet maak.

7 Donnalida se houding is uitdagend.

8a Patch was in Ant Rosie se kamer omdat sy na haar oorlede ma verlang het en daarom na haar ma se foto’s wou gaan kyk.

b Patch verlang na haar ma, want dis môre haar veertiende verjaardag.

c Haar ma is dood aan tuberkulose (TB).

d Patch wou na haar ma kyk toe sy nog mooi en gesond was.

9 Patch voel verontreg, want Donnalida het Patch se skooltaak vol koffie gegooi, sy het Patch se swart konyn se hok oopgelos, en sy het Patch se hare in stompies afgesny. Patch moet ook na Donnalida se baba, Klong, omsien, en al Donnalida se werk doen. Donnalida slaan vir Patch en Charlie, en dreig dat hulle terug Smartietown toe gestuur gaan word.

10a “Kyk wat het ek gekry ... En raai waar?” Hier wys die ellips Donnalida bedoel dat sy die geld gekry het en dat sy Patch beskuldig.

b “Jy is kamma gerape, maar almal weet ...” Hier suggereer die ellips dat almal weet dit is nie die waarheid nie.

11 Die drie intensiewe vorme is “yskoud”, “wasbleek” en “vlymskerp”.

12 Donnalida dink dat Patch en Charlie eerder in Smartietown se squatter camp hoort.

## Hoofstuk 2: Wolf in skaapklere

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- “Wolf in skaapklere” is ’n idiomatiese uitdrukking.
- As jy iemand as ’n wolf in skaapklere beskryf, bedoel jy die persoon is ’n skurk met ’n onskuldige voorkoms.
- Die titel van die hoofstuk skep die verwagting dat ons moontlik ’n karakter gaan leer ken wat onskuldig gaan voorkom, maar wat in werklikheid gevaarlik is en kwade bedoelings het.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die kat se naam is gepas, want "Ginger" is die Engels vir gemmer en dit is 'n gemmerkat.

2 'n Mens kom agter Laverne is betrokke by onwettige bedrywighede wanneer Johnnyboy haar bel en vertel een van sy manne (bendelede) is gelem (met 'n mes gesteek).

3 Laverne se woorde wat bewys dat sy pasiënte in die geheim ontvang, is: "Bring hom deur die gat in die agterste heining." Sy doen dus dinge in die geheim en help bendelede onwettig.

4 Laverne dink Lucky soek al weer geld.

5 Die woord wat sê die kliniek se toebroodjies is nie baie lekker nie is "langtand".

6 In die derde vertrek in Laverne se huis is daar 'n hoë bedjie, vlekvrye staalinstrumente, netjiese linnestapels en 'n staalkabinet vol voorskrifmedisyne.

7 a Laverne steel die mediese voorraad wat sy aanhou by die kliniek waar sy werk.
b Die bewys hiervoor is die frase: "... wat sy vandag vasgelê het ..."

8 a Toe Laverne se foon weer lui, dink sy dit is Lucky, haar seun.
b Maar dit is toe dokter Hartnick.

c Laverne is opgewonde, want sy stem en naam is bekend aan haar. Ons vermoed sy het hom al tevore gehelp, waarskynlik met iets onwettig.
d Dokter Hartnick soek 'n nierskenker.
e Wat hy doen, is onwettig.
f So iets moet deur 'n hospitaal gereël word. Organe word ontvang van oorgaanskenkers nadat hulle breindood verklaar is. Dit is onwettig (teen die wet) en oneties (verkeerd) om 'n orgaan van 'n lewende persoon te koop.
g Laverne wil by die dokter weet watter bloedgroep by die orgaanoorplanting betrokke is.

9 a Laverne word agterdogtig, want sy dink die bloedgroep O-negatief bestaan nie.
b Sy is bang dit kan 'n lokval wees.

10 Die frase wat wys Laverne is nie lus om iets aan al die rekeninge te doen nie is: "… sy skuif dit onder die tafeldoek in, dis tog net rekeninge."

11 Pastoor Cupido moes vir haar op die internet meer uitvind oor die bloedgroep O-negatief.

12 Laverne onthou vaagweg sy het vyf of ses jaar gelede by die kliniek 'n bruin kind gesien wat hierdie bloedgroep gehad het.

13 Laverne droom daarvan om af te tree en dan in vrede 'n klein kliniek vanaf haar huis te bedryf. Sy wil ook, soos die pastoor, 'n deftige, gemaklike huis hê.

14 Die retoriese vraag aan die einde van die hoofstuk is: "Waar is jy, dogtertjie met die bont gelapte baadjie?"

15 Die titel van die hoofstuk beteken sy lyk onskuldig soos ’n skaap, maar sy is in werklikheid ’n wolf (boos). Laverne, as ’n kliniekwerker, kom onskuldig voor, maar in werklikheid is sy nie so onskuldig in haar soeke na Patch nie. Sy het kwade bedoelings met Patch, want sy wil die meisie se nier vir ’n groot bedrag geld verkoop.

## Hoofstuk 3: Noue ontkoming

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- “Noue ontkoming” is ’n vaste uitdrukking.
- As jy praat van ’n noue ontkoming, bedoel jy iets het amper verkeerd geloop en toe net-net goed uitgewerk.
- Die titel van die hoofstuk skep ’n verwagting by ons dat iets baie amper gaan skeefloop.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

Algemene vraag en wenk: Lei leerders om ’n lys te maak van al die karakters wat hulle sover in die storie ontmoet het en langs elkeen se naam een of twee beskrywende woorde neer te skryf. Hierdie lys moet gedurig aangevul word terwyl leerders lees.

**Voorbeeld**

| **Karakter** | **Beskrywing** |
|---|---|
| Ant Rosie | Grys vlegseltjies onder ’n rooi bob-pruik. |
| Patch | Hardwerkend (was skottelgoed); haar ma is dood aan TB. |
| Charlie | Patch se boetie. |
| Donnalida | Uitdagend; groen skrefiesoë; haar oë is rooi en waterig (dalk gerook?); opsetlik lelik met Patch; Patch sê sy steel, sy doen al Donnalida se werk, sy slaan vir haar en Charlie, sy het haar skooltaak met koffie verniel, sy het haar konyn aspris laat wegraak, sy het haar hare stompies afgesny. |
| Klong | Donnalida se kind. |
| Laverne | Suster by die kliniek; het ’n gemmerkat; bedryf ’n onwettige kliniek van haar huis af; steel mediese voorraad by die kliniek waar sy deur die dag werk. |
| Lucky | Laverne se seun. |
| Johnnyboy | ’n Bendelid, moontlik die leier van die bende. |

1 Patch kyk altyd “verlangend” na die huis en die gebeure oorkant die dam, want sy dink dit is wonderlik om so te lewe. Sy dink die boer en die meisie wat daar bly, hou seker iewers by ’n luukse plek vakansie.

2 Die feit dat Patch sê "die stoetbul" in plaas van "'n stoetbul" laat 'n mens aflei sy ken hierdie stoetbul. Dit is nie sommer enige bul nie.

3 a Patch is platgeslaan, want sy voel onwelkom in haar tannie se huis.

b Sy is hartseer omdat hulle dink sy is 'n dief.

4 Die nuwe wapen wat Donnalida teen Patch begin gebruik, is dat sy dink hulle moet losies betaal omdat hulle daar bly.

5 Patch wil graag eendag 'n veearts word.

6 Patch noem die bul Duiwel.

7 Bewyse dat Patch gereeld op die kleinhoewe kom:

- "Soos gewoonlik" hou sy die doenigheid verlangend dop.
- Sy ken die bul (sy het vir hom 'n naam gegee).
- Sy ken die werf en die mense wat daar bly. Sy kan hulle beskryf.
- Sy ken haar ontsnappingsroete.
- Die speletjie met die bul gaan al lank aan.
- Die boer se dogter hou Patch se speletjie al lank dop.

8 a Patch se speletjie is om die bul met haar kettie te probeer raakskiet. Dan jag die bul haar en sy prober betyds uit die kamp ontsnap, deur 'n gat in die draad.

b Sy bewonder die krag van sy massiewe liggaam en sy vreesloosheid.

c Wanneer sy hom uitoorlê, laat dit haar bloed bruis. Sy voel sterk en slim en dapper.

9 Die stylfiguur in "beserkte bul" wat help om die beskrywing te laat uitstaan, is alliterasie.

10 Lily, die boer se dogter, kom tot Patch se redding.

11 Sy stel voor hulle moet die krapplekke op Patch se rug ontsmet en salf opsit.

12 Patch se regte naam is Patricia.

13a Jy kry 'n klem-in-die-kaak-inspuiting as daar 'n kans op bloedvergiftiging is.
b Lily weet nie Patch se ma is oorlede nie.

14 Die titel van die hoofstuk is baie gepas. Patch het 'n noue ontkoming met die bul gehad. Sy het dit amper-amper nie gemaak nie. As Lily haar nie gehelp het nie, kon dit maklik anders uitgedraai het.

## Hoofstuk 4: 'n Ellendige dag

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- In hierdie hoofstuk begin die spanning opbou.
- Praat oor al die gebeure wat tot dusver bygedra het dat daar 'n sterk spanningslyn in die verhaal teenwoordig is.
- 'n Sinoniem vir "ellendig" = uiters onaangenaam, bejammerenswaardig, droewig.
- Die illustrasie skakel met die titel, want Patch lyk terneergedruk oor hierdie dag.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander

woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 “Savlon en Disprins” sal nie Patch se wond ontsmet en haar pyn behandel nie.

2 Patch vertel nie vir Ant Rosie van haar wonde nie, want Ant Rosie het probleme van haar eie.

3 a Die Afrikaans vir “oats” is “hawermout”.
b Die Afrikaans vir “lawyer” is “prokureur”.

4 Ant Rosie moet die prokureur gaan sien, want sy sal haar sjebien moet toemaak.

5 Die twee seuntjies in die huishouding is Charlie, Patch se boetie en haar ma se kind, en Klong, Donnalida se kind.

6 a Die ellips wys Patch het baie pyn en kan nie nugter dink nie.
b ’n Voorbeeld van onomatopee is “toeter”.
c Die laaste sin van die hoofstuk beteken sy val flou of raak bewusteloos.

# Hoofstuk 5: Naald in ’n hooimied

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- “Naald in ’n hooimied” is ’n idiomatiese uitdrukking.
- As jy na ’n naald in ’n hooimied soek, soek jy verniet na iets – die kans is bitter skraal dat jy dit sal kry.
- ’n Karakter gaan moontlik iets of iemand soek – die karakter gaan moontlik nie weet waar om te begin nie of gaan baie sukkel om dit waarna gesoek word, te vind.
- Die illustrasie wys hoe Laverne vir Patch dophou waar sy wasgoed by die huis ophang.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Patch en Charlie se volle name is Patricia en Charles Pretorius.

2 a Laverne het vir drie nagte tussen die lêers gesoek na ’n leidraad.

b Sy het dit skelm gedoen, want sy het met ’n flitslig in die nag gewerk.

3 a Die woord “allerbelangrike” beteken die heel belangrikste, met ander woorde sy gaan meer uitvind oor die bloedgroep.

b Hierdie woord is ’n voorbeeld van ’n intensiewe vorm.

4 Laverne ken die mense en hulle kan haar help om die leidrade te volg. Sy is die klinieksuster en die mense van die omgewing vertrou haar en vertel haar alles wat sy wil weet. Sy kan ook by hulle kuier en vir Patch dophou.

5 Die dorp George is naby Rosemont-township.

6 Laverne stel haarself aan Donnalida voor as Suster Laverne van die gemeenskapskliniek. Vroeër het ons gelees dat sy nie regtig ’n verpleegster (suster) is nie. Sy het nie die kwalifikasie nie, maar sy voel sy verdien dit om so genoem te word. Sy voel gevlei as dokter Hartnick haar “Suster” noem.

7 a Hierdie frase beteken Laverne het die vorm vervals.

b ’n Sinoniem vir “offisiële” wat op dieselfde bladsy voorkom, is “amptelike”.

8 Laverne het omgedraai en weer by die huis geklop, want sy het wasgoed op die draad gesien wat lyk of dit aan ’n jonger meisie as Donnalida behoort.

9 Twee vaste uitdrukkings wat wys Laverne is baie bly sy het die meisie opgespoor: “…opgewondenheid nie beteuel nie” en “... niks kan Laverne se geesdrif demp nie”.

10 Lucky sê sy ma moet seker maak die bloedgroep is dieselfde. Hulle kan nie al die voorbereidings tref en van Port Elizabeth af kom as dit nie dieselfde bloedgroep is nie.

11a Wanneer Laverne Ouma Willemse gaan besoek, is haar bedoeling nie opreg nie. In werklikheid wil sy net meer uitvind oor die dogtertjie na wie sy soek.

b 'n Mens lei dit af uit Ouma Willemse se dialoog, want sy verwyt Laverne en sê sy het haar lank terug besoek.

12a oorle' – oorlede

b kjinners – kinders

c sôre – sorg

d fooi – foei tog

e orphanage – weeshuis, kinderhuis

f mouter – motorkar, motor

13 Die regte volgorde van Patch se daaglikse roetine is:

- Hang die wasgoed op. (C)
- Vee die voorstoep. (E)
- Neem die seuntjies kleuterskool toe. (A)
- Maak 'n draai by dokter Dalena se kliniek. (B)
- Gooi die stinkafrikaners nat. (D)

14 Leerders se eie antwoord. Die titel van die hoofstuk is baie gepas. Laverne moes na 'n dogtertjie met 'n skaars bloedgroep soek wat sy jare gelede in die kliniek gesien het. Laverne het nie 'n idee waar om te begin nie, want sy weet niks van die dogtertjie af nie. Daarom word Laverne se soeke na die dogtertjie (Patch) 'n soeke na 'n naald in 'n hooimied. Dit lyk amper na 'n onmoontlike taak.

# Hoofstuk 6: Die strik word gespan

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- "Span 'n strik" is 'n vaste uitdrukking.
  Letterlike betekenis: om 'n dier in 'n strik te vang, om 'n wip te stel.
- Figuurlike betekenis: om iemand stadig maar seker in 'n lokval te lei, om vir iemand 'n gat te grawe, 'n listige poging om iemand in die moeilikheid te laat beland.
- Ons weet nou al dat Laverne vir Patch, na 'n lang soektog, gekry het. As die strik gespan word, kan ons verwag dat Laverne al hoe nader aan Patch gaan kom of moontlik vir Patch in 'n lokval gaan lei. Ons kan dus verwag dat ons meer gaan lees van die slinkse plan van Laverne om Patch se vertroue te wen.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 As jy katswink lê, is jy bewusteloos, so uit soos ’n kers.

2 Ja, Patch het in bekommerde oë gekyk toe sy wakker word. Laverne het ook ’n goeie kant wat werklik bekommerd is.
Nee, sy is vals, sy wil haar net in ’n lokval lei.

3 a Die sin waarin Laverne haarself byna voor Patch verspreek, is: “As jy hier behandel word, sal ons jou tannie, eh...”
b Laverne sou gesê het dat sy weet wie Patch is en waar sy vandaan kom.

4 a In die kar bel Laverne heel moontlik vir Lucky of dokter Hartnick.
b Sy wil waarskynlik vir die persoon sê sy het Patch opgespoor en dat die meisie die bloedgroep het waarna gesoek word vir die nieroorplanting.

5 Patch vra: “Waar is ons?”. Die ellips voor haar vraag lig haar onsekerheid uit. Sy volg ook die suster byna blindelings na die huis.

6 Laverne noem die derde vertrek in haar huis haar privaatkliniek.

7 Die buitekant van Laverne se huis is verwaarloos, maar die binnekant is silwerskoon.

8 Laverne wil Patch se bloed trek om seker te maak dat dit die bloedgroep is waarna sy soek.

9 a Laverne kon Patch help met die bloedvergiftiging, want sy weet wat sy doen. Sy is ’n goeie verpleegster.

b Maar in die konteks van die titel van die hoofstuk weet ons Laverne help Patch net omdat sy agter haar nier aan is. Sy is besig om Patch in ’n lokval te lei.

10 Die gebeure aan die einde van die hoofstuk voorspel moeilikheid vir Ant Rosie, want Jerome is ’n bendeleier en hy was voorheen deurmekaar met Donnalida.

## Hoofstuk 7: ’n Slinkse set

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Iemand wat “slinks” is, is slim en skelm, bedrieglik, geslepe.
- ’n “Set” is wanneer iets fyn beplan is, veral ’n listige plan om iemand te vang.
- Ons kan verwag dat ons gaan lees van ’n listige plan waarin ’n ander karakter gevang gaan word. Omdat ons reeds weet wat Laverne in die mou voer, verwag ons dit het iets met Patch te make. Om uit te vind, moet ons verder lees.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige

aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Lily het nie vriende nie, want sy is in ’n nuwe skool en sy word daar geboelie.

2 a Lily het vir haar pa gejok oor waarheen sy gaan, want hy sou nie toegelaat het dat sy na die partytjie toe gaan nie.
b Lily laat haar pa laat dink sy was by ’n pizza-partytjie waar daar ouertoesig was.

3 a ’n Sinoniem vir “tjoepstil” is “doodstil”.
b ’n Sinoniem vir “om te loop” is “voetslaan”.

4 Die donker vorms wat Lily in die biblioteek se tuin sien, is boemelaars.

5 a Dit was verkeerd van Lily om iemand anders se fiets te steel.
b Lily het die fiets net “geleen” om by die huis te kom, want sy was desperaat en moes enige moontlike plan maak.

6 Die tegnieke wat gebruik word om die nimmereindigende getrap op die fiets uit te beeld is die herhaling van die woord “trap” en die ellips.

7 Toe sy haar hemp op die trekker sien, onthou Lily sy het vergeet van haar afspraak met Patch.

8 Sy het ook reeds Patch se naam vergeet, want sy verwys na haar as die “township-kind”.

9 Die woord “jelliebene” is hier ’n goeie metafoor, want haar bene voel bewerig soos jellie omdat sy baie moeg is en nie meer krag in hulle oorhet nie.

10 Lily se ma is oorsee saam met ’n nuwe man.

11 Sy het haar pa nie goed geken voor sy by hom kom bly het nie, want daar word gepraat van haar “vervreemde pa”.

12 Lily kom agter wat presies die vorige aand gebeur het wanneer ’n YouTube-skakel na haar gestuur word van die video wat iemand van haar geneem het.

13 Die ellipse skei die verskillende dinge wat genoem word wat Lily die vorige aand aangevang het. Die ellipse skep rusposes wat Lily se afsku illustreer oor dit wat sy gedoen het. Sy kan dit byna nie glo nie.

14 Lily voel skaam oor wat gebeur het.

15 Die slinkse set was dat die meisies by die partytjie ’n gek van haar gemaak het. Hulle het die hele ding beplan.

16 Lei groepbesprekings oor: Was jy verras om te lees wat met Lily gebeur het?
Ja, ons het Lily leer ken (toe sy met Patch gepraat het) as ’n besorgde en ordentlike meisie.
Nee, as jy by ’n partytjie swig onder groepsdruk en jouself oorgee aan drank, dan kan jy verwag dat daar slegte dinge met jou gaan gebeur.

# Hoofstuk 8: Smartietown

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Kyk na al die verwysings sover na Smartietown.
  Die titel van die verhaal verwys na Smartietown.
  Patch noem in die eerste hoofstuk dat hulle met Charlie se tweede verjaarsdag, toe sy ma nog gelewe het, in Smartietown gebly het.
  Donnalida beskuldig Patch daarvan dat sy 'n dief is en dat sy tronk toe moet gaan ... of erger nog ... na Smartietown se squatter camp toe moet teruggaan.
  Die volgende dag, nadat Laverne haar die eerste keer behandel het, het Patch op pad huis toe die gewoel en gemaal van mense tussen die vuurkonkas van Smartietown gesien. Sy sien ook iemand wat sy herken – die bendeleier Jerome.
- Bespreek die verskil tussen die volgende twee stellings:
  - Ek bereik my drome *ten spyte van* my omstandighede.
    Jou omstandighede is sleg.
    Ten spyte daarvan, bereik jy jou drome.
    Dus styg jy uit bo jou omstandighede om jou drome te bereik.
  - Ek bereik *nie* my drome *nie*, *as gevolg van* my omstandighede.
    Jou omstandighede is ook sleg.
    Jou omstandighede is die rede of die oorsaak dat jy nie jou drome bereik nie.
    Die gevolg is dus dat jy nie jou drome bereik nie.
    Jy laat toe dat jou omstandighede in jou pad staan om jou drome te bereik of jy laat toe dat jou omstandighede jou drome pootjie of verpletter.

- Hoe kan die titel van die hoofstuk ’n verwagting by jou (die leser) skep?
  Ons het reeds ’n paar verwysings in die verhaal na Smartietown gehad. Hierdie verwysings het ’n negatiewe beeld van Smartietown geskep. Ons kan verwag dat ons in hierdie hoofstuk meer gaan lees en uitvind oor Smartietown of dat een van die karakters daar gaan beland.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die twee areas lê langs mekaar – hulle word as aangrensend beskryf.

2 Smartietown se mense betoog oor dienslewering en werksgeleenthede.

3 Ant Rosie verbied die kinders om vandag die erf te verlaat.

4 Hoewel Patch bang was om vir Donnalida Grandpa’s te gaan koop, doen sy dit nogtans, want sy wil in elk geval by Laverne uitkom.

5 Die jong oproeriges dra balaklawas oor hulle koppe, want hulle wil nie herken word nie.

6 a Patch se oë begin jeuk van die traangas.
b As gevolg hiervan brand haar oë en sy kan nie goed sien nie.

7 Patch gil van skrik toe iemand haar deur die chaos begin sleep, want sy skrik toe sy sien wie dit is wat haar ophelp.

8 Lei groepbesprekings oor: Mense wat in swak omstandighede woon, betoog soms oor swak dienste en werkloosheid. Basiese dienste is baie keer die enigste dienste wat mense in swak omstandighede het. Daarom is dit baie waardevol vir hulle en wil hulle dit ten alle koste behou. Hulle smag ook na meer, het ook drome van iets beter eendag vir hulle kinders en as basiese dienste agteruit gaan, vervaag hulle drome van iets beter. Mense beskou ook werksgeleenthede as baie belangrik om ’n beter toekoms te verseker en is daarom bereid om daarvoor te baklei.

## Hoofstuk 9: Herontmoeting

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- “Her-” vooraan ’n woord beteken om iets weer te doen.
- ’n “Herontmoeting” is om iemand weer te ontmoet.

- Die titel suggereer dat Patch iemand gaan ontmoet wat sy alreeds ken, en die illustrasie wys hoe sit en gesels sy met die jong man.
- Omdat Patch in die vorige hoofstuk gegil het toe sy sien wie haar uit die chaos gehelp het, kan ons aflei dat dit dalk nie vir haar ’n aangename herontmoeting is nie.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Tokyo is gevaarlik, want Patch verkies die vangwa bo hom. Sy dink daaraan dat hy haar moontlik kan verkrag of vermoor.

2 Die frase wat wys Patch en Tokyo ken mekaar van kleins af is: “eertydse speelmaat”.

3 Tokyo het baie verander van sy hom laas gesien het. Sy tande is spierwit, sy klere is mooi en hy het groot en sterk geword.

4 Ons weet hy gaan Patch nie seermaak nie, want hy sê: “Jy wag hier tot die unrest verby is.”

5 Die mense noem Ant Rosie “Rhino Rosie”, want sy is kort en breed en het blitsende oë, so sy vat nie nonsens nie. Haar naam is dus ’n metafoor wat haar met ’n renoster vergelyk.

6 Tokyo kuier vakansies by sy oupa in Smartietown.

7 Leerders se eie antwoord met goeie motivering.
Nee, sy het gehoor hy het begin kwaad doen en die laaste keer toe hulle mekaar gesien het, het hy haar gedreig dat hy haar nog eendag sal kry.
Ja, hy het haar reeds uit die traanrook gehelp, hy noem haar ’n troetelnaam (Patchie) en het kwaai na haar gekyk toe hy haar vra wat sy tussen die protesgangers soek (so asof hy werklik vir haar omgee).

## Hoofstuk 10: ’n Gulde geleentheid

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- “’n Gulde geleentheid” is ’n uitstekende geleentheid of ’n geleentheid wat baie gepas is (’n goue geleentheid).
- Een van die karakters gaan ’n goeie geleentheid aangebied word.
- Een moontlikheid is dat Patch ’n goeie geleentheid kry om weg te kom van Tokyo af.
- ’n Ander moontlikheid is dat ons weet dat Patch eintlik op pad was na Laverne by die kliniek en Laverne kan dalk vir haar ’n goeie geleentheid aanbied as deel van haar strik om Patch se nier in die hande te kry.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a 'n Paar voorbeelde van Niestandaardafrikaans is: "kjint", "djou", "skollie" en "gomgat".
b Bruinmense in die Wes-Kaap praat soms so. Dit is die streekstaal Afrikaaps, of Kaapse Afrikaans.
c Dit is gepas om die dialek hier te gebruik, want dit maak die verhaal geloofwaardig.

2 Die sout wat Patch in haar mond proe, is van die sweet op Tokyo se arm, toe sy sy pols gebyt het. Dit kan ook die smaak van sy bloed wees – ons weet Patch het hom stukkend gebyt.

3 Die frase wat wys Tokyo kan nie glo wat so pas gebeur het nie is: "…'n verblufte uitdrukking op sy gesig".

4 Die handeling wat wys Laverne jok vir Patch is wanneer sy haar neus vryf.

5 Die twee s’e in die woord “yes” beklemtoon Patch se blydskap deur klem te lê op die “s”.

6 Patch dink sy sal die geleentheid nie kan aanvaar nie, want sy voel sy kan nie vir Charlie alleen los nie.

7 Die jong seuns in hulle area word gewoonlik “kwaaddoeners” en “sjebienvlieë”.

8 Patch se hare is kort, want in Hoofstuk 1 het Donnalida haar hare kort afgesny.

9 Laverne vergeet vir ’n oomblik van die rapport, want dit is nie regtig wat hulle nodig het nie. Sy word amper weer uitgevang.

10 Patch hoor fyn tjankgeluidjies en dan ’n dreigende gegrom.

11 Patch sien Lily sit in die sloot met ’n skeermeslemmetjie.

12 Patch kan nie verstaan wat met Lily fout is nie, want sy het alles wat haar hart begeer en alles wat Patch nie het nie, maar Lily is steeds ongelukkig.

13 Lily is verbaas dat Patch die nuus vir háár kom vertel, want Lily het nie maats nie en sy word misgekyk en weggestoot.

14 Patch berei voor vir die volgende dag deur Donnalida se fyn goue hangertjie uit die glaspotjie te haal. Sy maak seker haar swart jean is skoon en sy gryp die eerste skoon hemp wat sy in Donnalida se kamer kry. Sy gebruik ook van Donnalida se parfuum.

# Hoofstuk 11: Lugkastele

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- "Lugkastele" is drome of toekomsplanne wat onmoontlik is om te bereik.
- Die kastele (die drome of planne) hang in die lug (is nie op vaste grond en realisties nie).
- Ons weet dat Laverne vir Patch jok oor die geleentheid, maar Patch weet dit nie.
- Die woord "onweerswolke" aan die begin van die hoofstuk voorspel niks goed nie. Dit kan vooruitwys na moeilikheid wat broei of moeilikheid wat kom.
- Die illustrasie wys hoe Patch en 'n meisie, wat soos Lily lyk, by die garage vir die bussie wag. Ons kan aflei dat Lily ook opgedaag het.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Patch het haar Wiskunde-werkboek ingepak om mee te spog.

2 Lily daag ook by die optelpunt op.

3 Patch is ongemaklik en vies daaroor en sy voel Lily gaan haar kanse beduiwel.

4 Laverne se "opgetrekte wenkbroue" wys sy vra wie die ander meisie is.

5 Daar is 'n ongemaklike stilte in die bussie voor hulle wegtrek.

6 Patch skuif onrustig nader aan Lily, wat wys sy begin effe ongemaklik voel.

7 Lucky fluit daardie spesifieke liedjie, want hy dink heeltyd aan die geld wat hy gaan maak.

8 Onderstepoort is die naam van die Departement Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria.

9 Dit skep spanning dat die deur gesluit is en net van buite af oopgemaak kan word.

10a Die soet walms van Lucky se rook suggereer hy rook dagga.
b Dit skakel verder met die beskrywing van Lucky se "bloedbelope oë".

11a Nee, Patch besef nie dadelik wat aangaan toe sy Lucky se SMS lees nie. Haar aandag word afgetrek toe sy Lily hoor roep.

b Die spelfout – “mysie” in plaas van “meisie” – in die SMS pas by die eerste gevoel wat Patch gekry het dat Lucky dom is.

## Hoofstuk 12: Ontnugtering

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- ’n Mens is “ontnugter” wanneer jy besef iets wat jy gedink het is waar, is net ’n droom (illusie).
- ’n Mens voel gewoonlik teleurgesteld wanneer jy ontnugter word.
- Uit die titel van die hoofstuk kan ons aflei dat Patch dalk gaan agterkom dat Laverne se beloftes vals was.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Laverne wil alles regdokter met ’n pil, want sy ken medikasie omdat sy ’n verpleegster is.

b Laverne wil dadelik ’n kalmeerpilletjie vir die senuwees gee.

2 Die woord “oulik” (D) is nie ’n verklaring vir die woord in kursief nie.

3 Patch het uitkomplek gesoek en wou vlug.

4 Patch weet daar is groot fout en vermoed dat alles ’n leuen was. Maar sy weet nog nie regtig wat aangaan nie.

5 Patch is ontnugter, want sy het groot drome van ’n beter toekoms gehad, maar dit is nou vernietig.

6 a Patch het oor die bestuurder opgegooi en hy het sy hande van die stuurwiel opgelig om te keer.

b
- Laverne het die stuurwiel gegryp.
- Die man het te vinnig gery.
- Daar was ’n draai in die pad.

## Hoofstuk 13: Op vlug

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.
- Wanneer iemand vlug, sê jy: “Hy slaan op die vlug.”
- Die titel van die hoofstuk verlig die spanning effe, maar mens bly nog steeds nuuskierig oor wat volgende gaan gebeur.
- ’n Mens hoop dat Patch-hulle suksesvol gaan vlug. ’n Mens hoop dat hulle dalk nie té seer gekry het nie. Patch is immers die hoofkarakter van die verhaal en daar is nog ’n hele aantal bladsye van die verhaal oor.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Ná die ongeluk lê Lucky skeef oor ’n bankie. Sy oë is toe en daar loop ’n straaltjie bloed uit sy neus.
  b Die bestuurder lê slap teen die deur.

2 Lily loer deur een van die oorkantste vensters.

3 Sy is uitgegooi toe die bussie gerol het.

4 a Lucky sê die meisies kan maar terugkom, want hy sal hulle huis toe vat.
  b Patch en Lily glo hom nie en hardloop weg.

5 Die plantegroei in die denneplantasie sluit in: klimopplante, jong denneboompies, bosboomvarings, peperbosse en wattelbome.

6 Patch besef hulle is vir eers veilig wanneer Lucky se stem dof raak en dit lyk of hy hulle spoor verloor het.

7 Patch krap ’n diep holte onder die stomp en skuif Lily daarin. Dan maak sy hulle toe moet takke sodat hulle kan wegkruip.

8 Dit wys vir ons Patch is prakties en sy kan ’n plan maak. Sy het ook deursettingsvermoë, en is dapper en slim.

9 Patch wil nie slaap nie, want sy wil weet wat om haar aangaan. Sy is bang Lucky kom op hulle af.

## Hoofstuk 14: Die wit koevert

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel van die hoofstuk suggereer dat die meisies iewers ’n wit koevert gaan ontdek.
- Ons kan verwag dat daar dalk inligting oor die onwettige handel in organe in die wit koevert kan wees en spesifiek dalk meer inligting oor wat Laverne en haar trawante beplan het met Patch se nier.
- Te oordeel aan die illustrasie gaan die meisies baie verbaas wees oor wat in die koevert is.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Patch kan nie die lug sien wanneer sy opkyk nie, want die bome vorm ’n blaredak.

2 Patch dink hulle is iewers tussen Knysna en Plettenbergbaai.

3 a Die vier vrae wat Patch vra, is: “Waar is ons?”; “Hoe kom ons by die huis?”; “Wat dink jy wou hulle met ons doen?” en “… wat as hulle ook ontvoer is?”.
b Dit sê vir ons Patch bevraagteken alles en sy vermoed daar skuil iets groter agter die ontvoering. Dit wys hoe nugter Patch oor dinge dink.

4 Kinders wat uit Smartietown verdwyn, vlug miskien uit hulle haglike omstandighede, of anders word hulle ontvoer.

5 Die vergelyking “Alles is soos ’n droom” is gepas, want dit verduidelik hoe onwerklik alles vir Patch voel.

6 Drie ander vergelykings op bladsy 41 is: “Ek voel soos ’n zombie”; “Albei haar voete is soos poffertjies geswel ...” en “... toe sy opstaan skiet pyn soos messteke ...”

7 a Dokter Hartnick het die bussie bestuur.
b Patch en Lily weet dit, want hulle het sy ID in die dokumenthouer gekry.
c Hulle kry ook geld en ’n wit koevert met Patch se naam daarop.

d In die koevert is ’n laboratoriumverslag oor die bloedtoets wat Nurse Laverne op Patch gedoen het. Dit bevat besonderhede oor Patch se bloedgroep. Daar is ook ’n papier met notas oor die feit dat Patch ’n nier gaan skenk.

8 Lily het gedink Patch het geld nodig en dis daarom dat sy haar nier wil skenk.

9 Die seun wat ’n nier nodig het, se naam is Daniel Pitter.

10a “wie-ever” – wie ook al
b “Dis crazy.” – Dis malligheid. / Dis gek.

11 Die hoofstuk eindig met Lily wat teruggaan soos hulle gekom het om vas te stel waar hulle is.

## Hoofstuk 15: Tussen twee vure

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Om “tussen twee vure” te wees, is ’n idiomatiese uitdrukking.
- Dit beteken jy is tussen twee moeilikhede.
- Daarom is dit vir jou moeilik om te kies – want albei kante toe is sleg.
- Ons kan dus aflei iemand moet ’n belangrike besluit in die hoofstuk neem.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur

die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Patch hoor ’n fyn ritseling in die bosse.
  b Patch sien ’n blerts swart en bruin langs ’n wilde-moerbeiboom.

2 Patch is bekommerd oor haar boetie, Charlie, as daar iets met haar moet gebeur.

3 Wanneer Lily terugkom, het sy ’n bottel met Nagmaalwyn in en ’n Checkers-sak vol broodblokkies by haar.

4 Lily het te veel Nagmaalwyn gedrink. Haar kop is dronk, alles draai en sy sien twee Patche.

5 Lily voel beter wanneer sy vir Patch vertel wat met haar gebeur het, want sy kan dit uiteindelik met iemand deel.

6 Lily is skaam oor wat met haar gebeur het.

7 Patch toon empatie (volkome simpatie) met Lily, want sy huil saam.

8 Lily spot met haar eie voorkoms wanneer Patch vir haar vra of sy ’n kêrel het deur sarkasties te verwys na haar “superskinny” lyf.

9 Patch bieg dat sy van iemand hou, maar dat hy “bad news” is.

10 Die seun na wie Patch verwys, is Tokyo.

11 Lily verstyf wanneer sy vir Ouvrou en die Snitch sien.

12 Ouvrou is berug in die Tsitsikamma en sy loop rond met haar mak, jakkalsagtige dier, die Snitch. Hy vind alles uit en gaan vertel dit dan vir haar. Ouvrou trek rond en niemand weet waar om haar te vind nie. As jy kwaad gedoen het en sy kry jou beet, sien niemand jou weer nie.

13 Lucky hou aan soek na die meisies, want Patch kan vir hom ’n halfmiljoen rand in die sak bring.

14 Lucky bied vir die mense geld aan om Patch en Lily te vang. Die mense is arm en Lucky koop hulle om.

15a Patch moet kies tussen Lucky en die orgaanskenking aan die een kant en Ouvrou aan die ander kant.

b ’n Woord wat die gewigtigheid van haar keuse beskryf, is “lewensbelangrike”.

## Hoofstuk 16: Vreemde Samaritaan

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel laat ’n mens dink aan die idiomatiese uitdrukking om “’n barmhartige Samaritaan” te wees.
- Intertekstualiteit: die oorsprong van hierdie idiomatiese uitdrukking is die verhaal van die barmhartige Samaritaan in die Bybel.
- Die vrou in die illustrasie kan dalk ’n Samaritaan wees, want dit lyk of sy die meisies iewers heen weglei. Of dalk gaan sy hulle kwaad aandoen? Ons moet die hoofstuk eers lees om uit te vind wat gaan gebeur.
- Ja, ons kan verwag dat iemand Patch-hulle dalk gaan help aangesien die titel van die hoofstuk na ’n Samaritaan verwys. Dit is ook uit die titel van die hoofstuk duidelik dat hulle nie hierdie persoon ken wat hulle gaan help nie – dit is ’n vreemde Samaritaan. “Vreemde kan ook ongewoon of onverwags beteken, wat beteken dat die meisies uit ’n onverwagse oord hulp kry.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige

aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 In die vorige hoofstuk het ons gelees dat as jy kwaad gedoen het, kry niemand jou weer nie. Dit skep die idee dat die jakkals mense aanval wat kwaad doen. Die jakkals val egter nie vir Patch en Lily aan nie, want hulle is nie die skuldiges nie. Hulle het nie kwaad gedoen nie.

2 Lucky bly agter wanneer al die ander mense weghol, want hy ken nie die mite nie (of glo nie daaraan nie) en hy wil Patch ten alle koste vang, sodat hy haar nier kan verkoop en geld maak.

3 Lucky se handlanger bly ook agter, want hy is nie bygelowig nie en soek ook die beloning.

4 "Hulle is baie bygelowig."

5 Ouvrou lyk nie groter as 'n kind nie. Haar gesig is 'n fyn driehoek soos dié van 'n kat, haar oë twee blink skrewe. Sy het grys klossiehare wat vol kraletjies gevleg is en sy is toegedraai in 'n kombers.

6 a Patch dink Ouvrou haal gif onder haar kombers uit.
b Dit smaak na melk en kruie en heuning.
c Patch kom agter sy is baie honger en dors.
d Die twee woorde wat Lily se reaksie op die vloeistof beskryf, is "geluksalige uitdrukking."

7 a Wanneer Ouvrou Patch se voete met salf smeer, voel die meisie of al haar vrees en bekommernis verdwyn. Sy voel slaperig en dis asof haar probleme ver weg is.
b Patch se voete is skielik glad nie meer seer nie.

8 Patch en Lily weet hulle moet Ouvrou volg, want sy wink vir hulle.

9 Lei ’n klasgesprek oor hoe om die gebeure in die hoofstuk en die titel te verbind. Ouvrou is toe die vreemde Samaritaan wat tot Patch en Lily se redding gekom het. Die woord “vreemde” in die titel kan twee betekenisse hê:
- Onbekende: die meisies ken haar nie / het haar nie voorheen geken nie.
- Ongewone: sy is anders en vreemd of eienaardig.

## Hoofstuk 17: Op bekende paaie

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Om op “bekende paaie” te wees is om te weet waar jy is en waarheen jy op pad is.
- Mens kan ook praat van “bekende weë”.
- In die konteks van die verhaal kan ons aflei dat dinge beter gaan met Patch-hulle, dat daar hoop is om by die huis uit te kom.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Die meisies was Saterdag in die ongeluk.
b Dit is nou Maandag.

2 Lily merk op dat hulle naby die huis is, met ander woorde op paaie wat sy ken, wat aansluit by die titel "Op bekende paaie".

3 Patch stel voor hulle moet dadelik polisie toe gaan.

4 Lily dink weer hulle moet eers plaas toe gaan, want haar pa sal alles vir hulle reël.

5 Lily weet sy was eers lafhartig, maar nou het sy meer selfvertroue en sien kans vir baie dinge.

6 Die lewensles wat sover in die verhaal na vore kom, is dat 'n mens nie almal moet glo nie. Verder is daar die les dat jy sal boet vir verkeerde dade, en ook dat jy nie kan weghardloop van jou probleme nie. (Leerders se eie lewensles indien van toepassing.)

7 Lily wil Patch graag plaas toe nooi en haar leer perdry.

## Hoofstuk 18: 'n Slegte voorgevoel

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Net toe dit lyk asof alles goed gaan afloop, lees ons hierdie hoofstuk se titel.

- Dit is moontlik dat daar nog ’n kinkel in die verhaal kan wees, want die titel van die hoofstuk verwys na ’n slegte voorgevoel en ons weet dat die skurke nog nie vasgetrek is nie.
- ’n Mens kan verwag om meer te lees van wat met die skurke gebeur het.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Dokter Hartnick is dood.

2 Laverne het die slegte voorgevoel.

3 As die meisies begin praat, sal Laverne en Lucky vir die polisie vertel dat hulle die twee maar net ’n saamry-geleentheid gegee het.

4 Nee, dit is onwaarskynlik dat die orgaanoorplanting nog kan plaasvind, aangesien dokter Hartnick in die ongeluk dood is. (Of leerders se eie gemotiveerde antwoorde.)

5 Lucky soek ook altyd wit meisies vir sy kontak in die filmbedryf. (Dit is heel moontlik vir onwettige films.)

## Hoofstuk 19: Patch se besluit

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Uit die titel van die hoofstuk sien ons dat Patch ’n besluit neem.
- Patch se karakter het gegroei deur die verloop van die gebeure. Sy het sterker en dapperder geword.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Patch is aan die een kant skrikkerig vir Ant Rosie, maar aan die ander kant is sy ook opgewonde om haar mense weer te sien.

2 Patch hoor Lily gil en weet nie of sy Lily moet help en of sy huis toe moet gaan nie.

3 Patch onthou Lily het haar nie na die ongeluk in die bussie gelos nie. Sy het haar ook nie alleen in die bosse gelos nie en sy het haar skandes met Patch gedeel. Daarom is sy nou ’n deel van Patch.

4 Patch skree vir Laverne en Lucky dat die polisie op pad is.

5 Patch klim in die wilgerboom om van Lucky te probeer wegkom.

6 Die werkwoord “snak” wys Patch moes veg vir haar lewe.

7 Lucky volg Patch en hulle beland uiteindelik albei in Duiwel se kamp.

## Hoofstuk 20: Dobbelspel

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- ’n “Dobbelspel” kan twee goed beteken.
  Letterlike betekenis: ’n spel met kaarte of geld.
  Figuurlike betekenis: jy waag iets, maar is nie seker van die uitkoms nie.
- Patch het besluit om om te draai en Lily te help. Sy en Lucky val toe in Duiwel se kamp en op grond van die titel, kan ons verwag dat Patch dalk iets met Duiwel gaan waag om Lucky te uitoorlê. Patch waag ’n kans deur die bul met haar kettie te skiet, soos in die illustrasie op bl. 56.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te

gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Patch maak ’n fout deur te lank te talm (wag).

2 Die bul kyk op want hy herken haar stem.

3 Patch vertel vir Lucky haar bloed is besmet met malaria.

4 Die uitsteltegniek verhoog die spanning in die verhaal.

5 Die bul brul, dan swaai hy sonder waarskuwing om en storm snorkend af op die naaste mens wat hy sien.

6 Lily se pa kom uiteindelik tot hulle redding. Hy klap met sy sweep en Duiwel kom tot stilstand.

# Hoofstuk 21: OpgePatch

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel van die hoofstuk is ’n woordspeling op Patch se naam.
- Dit kan ook beteken dat iets reggemaak is – dalk dat dinge reg uitgewerk het.
- Die titel suggereer ’n gelukkige einde, wat ook uit die illustrasie blyk. Patch het besoekers in die hospitaal en glimlag breed wanneer iemand (Tokyo) met ’n bos blomme opdaag.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Patch is in die hospitaal, want sy het haar ligamente in haar enkel geskeur.

2 Patch is geskok toe sy trane in Ant Rosie se oë sien, want sy het nie besef haar tannie gee so baie vir haar om nie.

3 Patch stel voor sy sal op sestien begin werk.

4 Ant Rosie is dadelik kwaai met Patch en laat Patch verstaan dat sy nie met enige verskonings by haar moet kom om nie te wil leer nie. Sy het Patch se ma belowe dat sy na hulle sal kyk en sy sal sorg dat Patch en Charlie klaar leer.

5 Daar is ’n kans dat Patch se lewensdroom om ’n veearts te word eendag bewaarheid gaan word, want Ant Rosie sal haar belofte hou en Lily se pa sal haar help.

6 a Lucky is in die Frans Conradie se spinale eenheid, want sy rug is ernstig beseer.
b Laverne is in hegtenis geneem en gaan nou ’n staatsgetuie word.
c Dokter Hartnick is oorlede in die ongeluk.
d Donnalida is saam met haar ou kêrel, Jerome, weg Kaap toe.

7 a Lily noem vir Patch “girlfriend”.
b Lily en haar pa het vir Patch ’n pragtige bos rose en ’n sak met ’n sagte groen nagrok en kamerjas gebring.
c Tokyo loer skrikkerig na Ant Rosie, want hy onthou haar as Rhino Rosie, wat hom lelik bygekom het toe hulle mekaar laas gesien het.
d Patch se wange gloei. Sy vat selfbewus aan die skrape op haar gesig. Sy vryf deur haar stoppelhare (is bewus van hoe sy lyk) en sy voel hoe haar hart wild begin bokspring.

8 Patch het aan die begin van die verhaal minderwaardig gevoel teenoor Donnalida. Sy het skuldig gevoel omdat

Ant Rosie probleme van haar eie gehad het en boonop na haar en Charlie moet omsien. Sy het egter ’n goeie vriendin gemaak, naamlik Lily. Deur Lily het sy haarself beter leer ken. Sy het besef dat Ant Rosie werklik vir haar omgee. Sy kan nou aan die einde van die verhaal haar droom volg. Patch kan met behulp van die mense wat vir haar omgee ’n veearts word. Deur haar optrede het Patch so sterk en dapper soos die bul, Duiwel, geword.

## Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae

Behandel die volgende **instruksies** en **wenke** vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van kontekstuele vrae.

- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los ’n reël oop tussen elke antwoord.

### Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering 1

Die antwoorde hieronder dien as riglyn vir die kontekstuele vrae in Formele assessering 1. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe, mits dit uit die teks gemotiveer is.

1 Die verteller in die verhaal is ’n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller. (1)

2 Patch is die hoofkarakter van die verhaal. (1)

3 Donnalida is ’n antagonis in Patch se persoonlike lewe. (1)

4 Ander antagoniste in die verhaal is Laverne, Lucky en dokter Hartnick (enige twee). (2)

5 a Donnalida het voorheen gesteel en Patch daarvan beskuldig.
Patch doen al die werk wat Ant Rosie vir Donnalida gee.
Donnalida slaan vir Patch en Charlie.
Donnalida bemors Patch se skooltaak (gooi dit vol koffie).

Donnalida het Patch se swart konyn laat wegraak (sy het die hok se hek oopgelos). Donnalida het Patch se hare stompies afgesny. (Enige antwoord wat wys dat Donnalida vir Patch afknou.) (2)

b Die nuwe wapen wat sy gebruik, is dat sy wil hê Patch moet geld betaal vir losies. (1)

c Donnalida is jaloers omdat Ant Rosie Patch en Charlie regverdig behandel. (2)

d Ja, Patch gaan eendag haar droom bewaarheid, want sy het ’n sterk karakter. Sy wil eers matriek voltooi en dan gaan studeer om ’n veearts te word. Patch is vasberade en dapper. (2)

e Patch en Charlie het by Ant Rosie kom woon nadat hulle ma dood is aan TB. Ant Rosie is haar ma se suster. (2)

f Aan die einde gaan Donnalida Kaap toe saam met haar vorige kêrel, Jerome. (1)

g Met Donnalida weg, kan Patch en Charlie in vrede by Ant Rosie woon. Patch kan nou harder studeer om haar droom te verwesenlik. (1)

h Donnalida het nie as karakter gegroei nie, want sy is nog steeds met Jerome deurmekaar. (2)

6 a Laverne praat hier met Donnalida. (1)

b Dit is Donnalida se kind wat êrens in die huis skree. (1)

c Die kind se naam is Klong. (1)

d Die stelling is waar. Laverne het gemaak asof sy ’n opname doen oor gesinsbeplanning, maar in werklikheid was sy besig om uit te vis oor die jong meisie waarna sy soek. (2)

e Laverne maak asof sy die vorm bestudeer om geloofwaardig en belangrik te lyk. (1)

f Patch noem “mevrou Rosalie Pretorius” Ant Rosie. (1)

g Haar ander bynaam in die verhaal is Rhino Rosie. (1)

h Laverne en Patch het mekaar soos volg ontmoet:
- Patch is deur ’n doringdraad gekrap.
- Dit het ontsteek en sy moes kliniek toe gaan, waar sy in die parkeerarea flou geword het.
- Laverne het haar gekry en versorg. (3)

i Laverne wou vir Patch in die hande kry, want sy word gedryf deur ’n obsessie met ... geld (B). (1)

**[Groottotaal: 30 punte]**

## Assesseringsriglyne vir langvrae

### Instruksies en wenke

Behandel die volgende instruksies en wenke vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van die langvraag.

- Kies EEN vraag om te beantwoord.
- Beplan eers jou antwoord voor jy die paragraaf skryf.
- Daar moet minstens twee aanhalings wees.
- Let op na korrekte volgorde van gebeure.
- Skryf netjies en leesbaar en redigeer jou werk.
- Gebruik die kontrolelys om jou te help.

Herinner leerders daaraan dat hul antwoord aan die vereiste van die aantal woorde moet voldoen: vir Graad 9, ’n paragraaf van 140–160 woorde.

### Kontrolelys

Behandel ook die kontrolelys op die volgende bladsy om seker te maak dat leerders dit verstaan en gebruik by die beantwoording van die langvraag. Leerders moet oefen om hulle eie werk te kontroleer voordat hulle dit inhandig vir formele assessering. Die kontrolelys verskyn ook in die novelle sodat leerders dit kan gebruik.

| **Interpretasie van vraag, begrip van inhoud van novelle en motivering** (12 punte) | **Struktuur van antwoord, logika van argument en taalversorging** (8 punte) |
|---|---|
| **Interpretasie van vraag** | **Struktuur van antwoord** |
| Het jy die vraag deeglik gelees en seker gemaak jy verstaan presies wat gevra word? | Het jy jou antwoord deeglik beplan? |
| Het jy sleutelwoorde in die vraag onderstreep om seker te maak jy antwoord wat gevra word? | Het jou antwoord 'n duidelike begin, middel en slot? |
| **Begrip van die novelle se inhoud** | **Logiese vloei van argument** |
| Het jy die novelle deeglik bestudeer en ken jy die inhoud goed? | Is die argument in jou antwoord duidelik en logies? |
| Het jy gaan soek vir die dele uit die verhaal wat van toepassing is op die vraag en dit weer deeglik gelees? | Volg jou argument dieselfde volgorde van gebeure as die novelle? |
| **Motivering van begrip in antwoord** | **Taalversorging en netjies en leesbare werk** |
| Kon jy verbande trek tussen die vraag en die relevante dele in die teks en het jy dit gebruik om jou antwoord te motiveer? | Het jy jou antwoord weer gelees en jou taalgebruik noukeurig versorg? |
| Het jy jou begrip van die novelle gemotiveer met ten minste twee aanhalings uit die teks? | Is die finale weergawe van jou antwoord netjies, leesbaar en gereed vir aanbieding? |

## Rubriek vir assessering van langvraag

Op die volgende bladsye volg 'n rubriek wat gebruik kan word om leerders se antwoorde op die langvraag te assesseer. Die rubriek moet vooraf aan leerders verskaf word en deeglik in die klas behandel word. Leerders moet daarmee vertroud wees en presies verstaan hoe hul antwoorde geassesseer gaan word.

| Rubriek vir assessering van langvraag | | | | [Totaal: 20 punte] |
|---|---|---|---|---|
| Kodes | Punte (12) | **Interpretasie, inhoud & motivering**<br>• **Interpretasie van vraag**<br>• **Begrip van die novelle se inhoud**<br>• **Motivering van begrip in antwoord**<br>**(12 punte)** | Punte (8) | **Struktuur, logika & taalversorging**<br>• **Struktuur van antwoord**<br>• **Logiese vloei van argument**<br>• **Taalversorging en netjiese en leesbare werk**<br>**(8 punte)** |
| **Kode 7**<br>80–100% | **10–12** | • Uitstekende interpretasie van vraag. Leerder het die vraag goed bestudeer en verstaan dit ten volle.<br>• Uitstekende begrip van die verhaal. Leerder kan op uitsonderlike wyse die verhaal op die letterkundige aspekte toepas.<br>• Leerder lê uitstekende verbande tussen dele van die verhaal en motiveer antwoord uitstekend uit die verhaal. | **7–8** | • Uitstekende samehang in antwoord, met 'n indrukwekkende begin, middel en slot.<br>• Argument is uiters logies aangebied en is besonder goed gestruktureer. Dit volg die verhaalgebeure presies en noukeurig.<br>• Uitsonderlike taalversorging; taal is byna foutloos. Die styl en register van aanbieding is indrukwekkend. Die antwoord is uiters netjies aangebied. |
| **Kode 6**<br>70–79% | **9** | • Bogemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het die vraag bestudeer en verstaan dit baie goed.<br>• Bogemiddelde begrip van die verhaal. Leerder kan die verhaal baie goed toepas op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder lê baie goeie verbande tussen dele van die verhaal en motiveer antwoord goed uit die verhaal. | **6** | • Bogemiddelde samehang in antwoord, met 'n baie goeie begin, middel en slot.<br>• Argument volg 'n goeie logiese struktuur en is goed gestruktureer. Dit volg die verhaalgebeure korrek.<br>• Bogemiddelde taalversorging. Antwoord is in goeie styl en register, byna foutloos en is baie netjies aangebied. |
| **Kode 5**<br>60–69% | **8** | • Goeie interpretasie van vraag. Leerder het die vraag korrek verstaan.<br>• Goeie begrip van die verhaal. Leerder kan die verhaal toepas op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder kan goeie verbande lê tussen dele van die verhaal en motiveer die meeste argumente uit die teks. | **5** | • Goeie samehang in antwoord, met 'n goeie begin, middel en slot.<br>• Argument volg meestal 'n logiese struktuur en dit volg die verhaalgebeure meestal korrek.<br>• Goeie taalversorging. Min taalfoute, en goeie styl en register. Die antwoord is afgerond en netjies aangebied. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kode 4**<br>50–59% | **6–7** | • Gemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het die vraag grotendeels reg verstaan.<br>• Alledaagse begrip van die verhaal. Gemiddelde toepassing van die verhaal op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder lê slegs basiese verbande tussen dele van die verhaal. Die antwoord is slegs ten dele gemotiveer uit die verhaal en argumente uit die teks word nie altyd oortuigend gemotiveer nie. | **4** | • Struktuur van antwoord is gemiddeld, met 'n gemiddelde begin, middel en slot.<br>• Argument volg nie altyd 'n logiese struktuur nie en dit is soms moeilik om te volg. Dit volg nie altyd die verhaalgebeure nie.<br>• Gemiddelde taalversorging. Taalfoute kom voor; styl en register is gemiddeld. Die antwoord is basies afgerond en aangebied. |
| **Kode 3**<br>40–49% | **5** | • Ondergemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het nie die vraag verstaan nie.<br>• Ondergemiddelde begrip van die verhaal. Leerder sukkel om die verhaal toe te pas op die letterkundige aspekte.<br>• Leerder sukkel om basiese verbande tussen dele van die verhaal te lê. Argumente uit die teks word nie oortuigend gemotiveer nie. | **4** | • Antwoord wys gebreke in beplanning, sonder 'n duidelike begin, middel en slot.<br>• Argument volg nie 'n logiese struktuur nie en is moeilik om te volg. Dit volg nie die verhaalgebeure nie.<br>• Leerder se taalversorging is ondergemiddeld. Baie taalfoute kom voor. Styl en register is nie gepas nie. Die antwoord is onafgerond aangebied. |
| **Kode 2**<br>30–39% | **4** | • Misinterpretasie van vraag. Leerder het nie die vraag verstaan nie.<br>• Swak begrip van die verhaal. Swak / geen toepassing van die verhaal op dit wat gevra is.<br>• Leerder kan baie min verbande lê tussen dele van die verhaal en daar is baie min motivering vir enige argument. | **3** | • Antwoord is swak en daar is geen bewyse van beplanning vir 'n duidelike begin, middel en slot nie.<br>• Argument volg nie logies nie en is moeilik om te volg. Dit volg nie die verhaalgebeure nie.<br>• Taalversorging is swak met baie taalfoute. Styl en register is nie gepas nie. Die antwoord se afronding is swak. |
| **Kode 1**<br>0–29% | **0–3** | • Misgetas. Totale verkeerde interpretasie van vraag wat bewys dat leerder die vraag glad nie verstaan het nie.<br>• Leerder ken nie die verhaal nie. Baie min / geen toepassing van die verhaal op dit wat gevra is nie.<br>• Swak begrip en swak interpretasie van verhaal. Geen relevante motivering uit die verhaal in die antwoord nie. | **0–2** | • Geen struktuur in antwoord nie; min tot geen beplanning sigbaar. Dit is moeilik om die begin, middel en slot te identifiseer.<br>• Argument volg nie logies nie. Die antwoord is deurmekaar aangebied.<br>• Leerder se taalversorging is uiters swak; volop taalfoute. Styl en register totaal onvanpas vir skryfwerk. Antwoord is slordig aangebied. |

## Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering 2

### Vraag 1 [20 punte]

Hoofgedagtes vir die beantwoording van hierdie langvraag:

- ✓ Patch se ma is oorlede aan TB. Sy en Charlie is wees gelos. Ant Rosie, haar ma se suster, het na hulle gekyk. Donnalida het haar nie aanvaar nie.
- ✓ Donnalida het haar lewe negatief beïnvloed en Patch se lewe so onaangenaam moontlik gemaak. Laverne, Lucky en dokter Hartnick wou voordeel trek uit die feit dat sy ’n skaars bloedgroep het en dat sy ’n geskikte nierskenker kon wees. Laverne moes haar ontvoer en sy sou ’n halfmiljoen rand betaal word.
- ✓ Nadat Laverne haar vertroue gewen het, het sy Patch onder valse voorwendsels verder in ’n strik gelei wat in ’n ontvoering ontaard het.
- ✓ Sy het ’n vertroueling in Lily gevind. Lily se pa was bereid om Patch te help om haar droom te volg.
- ✓ Sy kon maklik beïnvloed word deur Donnalida en geen ambisie in die lewe getoon het nie. Sy het, ten spyte van haar moeilike omstandighede, haar waardes en drome behou. Sy het nie haar omstandighede blameer nie.

## Vraag 2 **[20 punte]**

Hoofgedagtes vir die beantwoording van hierdie langvraag:

- ✓ Laverne het ’n stabiele lewe gehad met ’n goeie werk, maar sy was nogtans nie tevrede nie. Sy is gedryf deur haar obsessie met geld en sy wou nog meer hê.
- ✓ Hoewel sy saam met intelligente mense werk, het hulle ook ’n slegte invloed op haar gehad, want hulle wou munt slaan uit iemand wie se bloedgroep baie skaars is.
- ✓ Laverne het besluit om Patch te ontvoer. Sy is in hegtenis geneem en haar seun het in die spinale eenheid beland. Sy het daarna besluit om staatsgetuie te word.
- ✓ Laverne het dus ten spyte van haar gunstige omstandighede haarself besig gehou met verkeerde mense en dade en sy dra nou die gevolge daarvan.

## Vraag 3 **[20 punte]**

Hoofgedagtes vir die beantwoording van hierdie langvraag:

- ✓ Patch was onderdanig aan Donnalida, het minderwaardig gevoel en was amper bang vir haar.
- ✓ Sy het nie juis maats gehad nie. Sy het vir Lily ontmoet en gesien dat Lily alles in haar lewe het om haar gelukkig te maak, maar nogtans baie ongelukkig is.
- ✓ Patch kon iets vir Lily beteken en dit het haar menswaardigheid gegee. Deur die ontvoering en vlug weg van die ontvoerders af het sy dapper en sterk opgetree (net soos Duiwel).
- ✓ Aan die einde van die verhaal is Patch gelukkig en omring met mense wat haar gaan help om haar droom om veearts te word te verwesenlik. Sy het dus gegroei as karakter en sy het groter insig in haarself gekry.

## Antwoordgidse vir die volgende novelles is beskikbaar:

Graad 7 Graad 8 Graad 9

**Afrikaans Huistaal:**










**Afrikaans Eerste Addisionele Taal:**










**Engels Huistaal:**










**Engels Eerste Addisionele Taal:**









**isiXhosa Huistaal:**








ISBN 978 0 195 99710 1

OXFORD
UNIVERSITY PRESS

www.oxford.co.za

PROUD SHAREHOLDER
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

SOUTHERN AFRICA